**Memorandum**

**Graad 11. Afrikaans Huistaal**

**Vraestel 1**

Dr. Cecilia Klopper
0828720039
ceciliaklopper@gmail.com

**Punte**: 70
**Tyd:**2 uur

**Afdeling A**: Leesbegrip
**Vraag 1**

**Antwoorde :Teks A**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | **Waar.**<br>Leerders sal tyd en moeite wil bespaar en dan laat hulle ChatGPT vir hulle opstelle skryf. | (2) |
| 1.2 | Plagiaat | (1) |
| 1.3 | Studente moet weer in klaskamers eksamen skryf waar hulle dopgehou kan word. | (1) |
| 1.4 | **Mening**. Dit is net sy mening en geen navorsingsbewyse of statistieke word gegee nie. | (2) |
| 1.5 | Ons gaan dom kinders grootmaak. | (1) |
| 1.6 | **Figuurlik** (konnotatief).<br>Dit beteken net om ‘n maklike uitweg te kry en nie jou eie werk te doen nie. Jy soek nie letterlik ‘n korter pad nie. | (1) |
| 1.7 | Positief, en ‘n goeie rede. Bv. Studente kan hul eie werk met hulp verbeter.<br>of<br>Negatief, en ‘n goeie rede. Bv. Studente word lui en skryf nie hul eie opstelle nie. | (2) |
| 1.8 | Ja, en ‘n goeie rede. Bv. Kinders sal letterlik dommer word en nie hul breinkrag gebruik nie.<br>of<br>Nee, en ‘n goeie rede. Bv. Kinders kan nie dommer word nie. | (2) |
| 1.9 | Ja, en ‘n goeie rede Bv. Dit is amper soos ‘n ro**bot** wat jou kan help met skoolwerk.<br>of Is<br>Nee, en ‘n goeie rede. Bv. Dit kan mos nie letterlik met jou klets nie. | (2) |
| 1.10 | Kreatief. | (1) |
| 1.11 | **Enige twee.**<br>Onderwysers gebruik dit om tydrowende sloertake af te handel.<br>Om vrae te genereer vir toetse en ook vir lesbeplanning en opsommings.<br>Om administratiewe take te verminder. | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| | Dit kan ingespan word om die opvoeder en student se interaksie te verhoog. | |
| 1.12 | **Enige twee**.<br>Dit kan leerders help om goeie opsommings te maak.<br><br>Dit kan leerders se wêreldsiening verbreed."<br><br>As 'gespreksgenoot' in navorsing om byvoorbeeld jou opstel te proeflees en te verbeter. | (2) |
| 1.13 | Dit beteken om kinders wat sukkel om te leer en dus agtergeraak het met hulle werk, te help om weer hul agterstande en leemtes in hul kennis in te haal. | (1) |
| 1.14 | C -Tegnologie | (1) |

**Antwoorde : Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.15 | Die deel van elektroniese weergawes van boeke, tydskrifte en koerante. | (1) |
| 1.16 | Dit beteken dat jy nie jou naam hoef te verskaf as jy mense wat elektroniese weergawes van boeke, tydskrifte en koerante aanstuur, rapporteer nie. | (2) |

**Antwoorde: Teks A en Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.17 | Albei handel oor oneerlikheid. Teks A handel oor KI (ChatGPT) wat jou kan leer om oneerlik te wees en ander mense se werk as jou eie in te gee, en in teks B is dit 'n kriminele oortreding as jy digitaal iets aanstuur waarvoor jy eintlik moet betaal. | (2) |

**Totaal Afdeling A: (30)**

**Afdeling B: Opsomming**

**Vraag 2**

**Teks C: Tydskrifartikel**

**Nasienriglyne**

| Aanhaling | Eie woorde |
|---|---|
| 1. Dr. Sanaa Moledina en Adeel Khoja skryf in die *Ochsner Journal* dat vergeetagtigheid toeneem omdat mense te veel op hul slimfone staatmaak om selfs die geringste dingetjie te onthou. | Mense gebruik hul slimfone en onthou niks meer self nie. |
| 2. Hulle wys daarop dat slimtoestelle een gedeelte van die brein oorstimuleer en dat die regterkant, wat met konsentrasie te doen het, benadeel word en stelselmatig agteruitgaan. | Slimstoestelle stimuleer nie die regterbrein wat moet konsentreer nie, dus verswak jou konsentrasie. |

| | |
|---|---|
| 3. Dr. Marlena Kruger beweer dat digitale dimensie reeds by addolosente bespeur kan word wat van babadae af aan digitale toestelle blootgestel is. | Selfs addolosente wat van babadae aan digitale toestelle blootgestel is, kan vergeetagtig raak. |
| 4. Hierdie leefstyl gaan gewoonlik gepaard met ‘n sittende, onaktiewe leefstyl wat ‘n swak postuur en ongesonde eetgewoontes insluit. | Jy beweeg te min, kry ’n swak postuur en eet ongesond. |
| 5. Dit bring te min fisieke oefening en swak asemhalingstegnieke mee as jy te veel agter jou rekenaar of slimfoon sit. | Jy kry te min oefening en leer swak asemhalingstegnieke aan. |
| 6. Gesonde verhoudings ly daaronder, en jy sal nie jou werk behoorlik kan doen nie. | Sosiale verhoudings ly daar onder en jy sal sukkel om op jou werk te fokus**.** |
| 7. Boonop gaan jou denkvermoë agteruit. | Jy sal nie meer so goed kan dink nie. 81 woorde |

Mense gebruik hul slimfone en onthou niks meer self nie. Slimstoestelle stimuleer nie die regterbrein wat moet konsentreer nie, dus verswak jou konsentrasie**.** Selfs addolosente wat van babadae aan digitale toestelle blootgestel is, kan vergeetagtig raak. Jy beweeg te min, kry ’n swak postuur en eet ongesond. Jy kry te min oefening en leer swak asemhalingstegnieke aan. Dit lei daartoe dat jy nie meer so goed sal kan dink nie.

84 woorde

- Indien daar TWEE (of meer) feite in EEN sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar. Die leerder word nie hiervoor in die feite-deel gepenaliseer nie, maar wel in die taaldeel.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, a.g.v. = 3 woorde.
- Leerders MOET die KORREKTE getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidate nie die korrekte getal aangedui het nie. Leerders word nie gepenaliseer as hulle nie die woorde aangedui het nie.
- Leerders moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. ’n Opsomming in die verkeerde MOET wel nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING).
- Indien die opsomming te KORT is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Trek ‘n streep deur die oortollige werk en moet dit nie verder nasien nie.
- Leerders hoef nie ’n titel te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte.
- ’n Volsin het ’n werkwoord / werkwoorde.

**PUNTETOEKENNING:**

- 7 punte vir 7 korrekte feite (1 punt per korrekte feit)
- 3 punte vir taalgebruik
- Totale punt: 10
- **Verspreiding van taalpunt waar die leerder nié direk aangehaal het nie**:
- 1-3 korrekte feite: 1 punt
- 4-5 korrekte feite: 2 punte
- 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Verspreiding van taalpunt waar die leerder direk aangehaal het**:
- 6-7 aanhalings: geen punt vir taal nie
- 1-5 aanhalings: 1 punt vir taal

**Afdeling C: Taalstrukture en konvensies**

**Vraag 3: Advertensies**

**Antwoorde: Teks D**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Om die leser se aandag te trek. | 1 |
| 3.2 | Dit beteken dat al die projekte aanlyn gedoen word. | 1 |
| 3.3 | Die t**eikenmark** is mense wat daarvan hou om aan kulturele bedrywighede deel te neem. | 1 |
| 3.4 | Met behulp van die foto's en uitleg van die advertensie, asook omdat dit digitaal en tot almal se beskikking is. | 2 |
| 3.5 | Ek sou graag aan die Digivoordrag wou deelneem aangesien ek daarvan hou om gedigte voor te dra. (Of enige ander een.) | 2 |
| 3.6 | Die ATKV | 1 |
| 3.7 | Internetverbinding. | 1 |
| 3.8 | Die uitdrukking beteken dat jy jou Afrikaanse gesegdes, idiome, spreekwoorde en vergelykings **baie goed ken.** | 1 |
| | | **(10)** |

**Vraag 4: Strokiesprent**

**Antwoorde: Teks E**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Dat Bobbejaan A gesukkel het om sy kinders besig te hou gedurende die vakansie. | (1) |
| 4.2 | B. Wederkerige | (1) |
| 4.3 | Ons laat hulle maar hul eie probleme oplos. (Iets soortgelyks) | (1) |
| 4.4 | Bobbejaan A vra waaroor hulle dan so baklei. | (1) |
| 4.5 | Dat die kinders heeltyd met hul selfone besig was. | (1) |
| 4.6 | Bobbejaan B antwoord dat hulle oor mekaar se selfone baklei. | (1) |
| 4.7 | Besigste<br><br>Kinders pla die ouers as ouers op hul besigste is. | (1) |
| 4.8 | C- Vraagwoord | (1) |
| 4.9 | Bobbejaan B se lyftaal in raampie 3 wys dat hy geensins opgewonde raak oor die kinders se rusies nie. Hy het self 'n selfoon. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 4.10 | Hoe word julle kinders gedurende die skoolvakansie deur julle besig gehou? | (1) |
| | | **[10]** |

**Vraag 5: Koerantartikel**

**Antwoorde: Teks F:**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Groot hoeveelheid/ reuse hoeveelheid | (1) |
| 5.2 | Dui die verbinding tussen ‘n nommer en ‘n woord aan. | (1) |
| 5.3 | Betreklike voornaamwoord. | (1) |
| 5.4 | B – afkorting | (1) |
| 5.5 | Verbindingsklank | (1) |
| 5.6 | Veertigduisend | (1) |
| 5.7 | Voegwoord | (1) |
| 5.8 | Die -e- in looprame dui die meervoudsvorm aan. | (1) |
| 5.9 | Figuurlik (konnotatief), aangesien dit nie letterlik mense is wat mekaar se hande vat nie, dit beteken dat hulle almal help. | (1) |
| 5.10 | Foto’s kry die afkappings -‘s- omdat alle woorde wat op ‘n – o- eindig dit kry. | (1) |
| | | **(10)** |

**Totaal vir afdeling C (30)**

**Groottotaal [70]**